



Agrico Hoë Spoed Dis: Dis nou al 8 meter wyd

Boerderygenot is om na 'n werktuig te soek vir 'n bepaalde taak, een op te spoor wat jou verwagtinge oortref, en dan boonop ondersteuning kry van 'n vervaardiger wat Suid-Afrikaanse boere se behoeftes verstaan. Agrico het hierdie drikuns vervolmaak met hulle HSD630 (Hoë Spoed Dis).

Agrico het in 2017 hulle eerste HSD gebou. Die eerste modelle aan Suid-Afrikaanse boere bekendgestel, met breedtes van 2,5-, 3,2- en 4-meter onderskeidelik. Kort daarna het die 5-meter gevolg, asook 'n 6,3 meter model. Nou trek die Agrico-span al by 8 meter.

Hoe vergelyk die Agrico Hoë Spoed Dis met 'n tradisionele skotteleg?

Boere se grootste behoefte is om so doeltreffend as moontlik te boer. Met arbeid- en brandstofkoste wat vandag buitensporig hoog is, is dit belangrik om die meeste met die minste te vermag.

Die HSD werk teen tot 16 km per uur - byna twee maal die spoed van 'n tradisionele dis. Dit beteken dat jy met byna dieselfde kilowatt en in dieselfde tyd, dubbel die hektare doeltreffend kan bewerk, met ongeveer dieselfde dieselverbruik.

"Suid Afrikaanse boere is van die vernuwendste boere ter wêreld. Hulle moet so doeltreffend as moontlik werk, omdat hulle heeltemal op hulleself aangewese is om sukses te behaal," meen Johan Myburgh, hoof meganiese ingenieur van Agrico. "Dit is noodsaaklik dat boere so na as moontlik aan die ideale tyd moet plant en jou voorbereiding moet soms in 'n kort vensterperiode gedoen word," voeg hy by.

"Met toenemende kostes is boere geneig om oor te skakel na groter trekkers en groter werktuie. Dit vereis uiteindelik minder arbeid, minder masjinerie wat in stand gehou moet word, en gee ook vir die boer beter beheer. Boere wil vinniger deur hulle hektare kom, en meer hektare met minder toerusting bewerk," sê Johan. "Dit is ook juis waar die behoefte vir die 8-meter HSD ontstaan het. Ons het groot sukses gehad met die 2,5- tot 4-meter disse wat reeds op die mark is."

Die ontwerpsproses

Cornel Fourie, meganiese ontwerpsingenieur en hoofontwerper van die 8-meter

HSD, vertel dat die ontwerp van die nuwe implement gebaseer is op dié van sy suksesvolle voorgangers.

"Die konsep vir die eerste opvouram HSD's (die 6,3- en 8-meter) is in 2020 opgeteken. Die 8-meter is maar 'n uitbreiding van die 6,3-meter, so die ontwerp het minder tyd geneem aangesien baie reeds in plek was. Die twee groter modelle loop eintlik hand aan hand met mekaar," vertel Cornel.

Die Agrico-span in het 'n indrukwekkende tyd van nege maande die ontwerp afgehandel. Die ontwikkeling is onder leiding van Cornel gedoen, met bystand van Johan se kant af tesame met die produksiespan, onder leiding van Johan Kershoff.

Seutelkenmerke van die Agrico HSD

- Die raam is opvoubaar met hidrouliese beheer vir maklike vervoer.
- Die dis word gesleep, en nie soos die kleiner modelle aan die trekker se driepunt gemonteer nie.
- Die unieke ontwerp van die groter skottels en spasiëring van 315 mm tussenin bied koste-effektiewe werking met baie goeie materiaal-vloei.
- Vier-en-vyftig gehapte skottels van 630 mm in deursnee verminder slytasie. Verbeterde materiaalvloei word behaal met behulp van die slim ontwerp en optimale spasiëring van die gehapte skottels
- 'n Robuuste raam verseker 'n duursame implement met 'n verlengde leeftyd.

'n Trekker van 200 tot 280 kW (afhangend van die grondtoestande) moet voor die 8-meter HSD ingespan word en tussen 14 en 16 km per uur werk. Die HSD kan tot 160 mm diep werk.



Robuuste raam en rollers, geskik vir enige Suid-Afrikaanse omstandighede.



Die 8-meter HSD is opvoubaar, wat vervoer vir die boer vereenvoudig.

Skottels wat 'n verskil maak

"Ek dink die groot geheim van die HSD se sukses is die aggressiewe hoek waarteen die skottels werk en die rubbervere waaraan die skottels vas is," sê Cornel.

"Die vere beskerm die skottels, raam en laers. Wanneer 'n skottel 'n klip sou tref, breek hy weg en herset homself wanneer die versperring nie meer pla nie. Daar kan ononderbroke en sonder skade met die werk voortgegaan word."

Behalwe vir die slim skottels en robuuste struktuur, help die agterste roller waarmee die werkdiepte gestel word om die saadbed pragtig af te rond en die bogrond te vermeng.

Die 8-meter HSD word op die oomblik getoets in die Vrystaat, en sal by vanjaar se NAMPO vir die eerste keer aan boere bekendgestel word.

Agrico fokus daarop om saam met hulle klante vooruit te beweeg. Hulle verstaan die behoeftes van die Suid-Afrikaanse boer en hulle werktuie word plaaslik vervaardig om boere se behoeftes presies te pas.

"Die vereistes van werktuie in Suid-Afrika is anders as dié van Europa. Ons ken Suid-Afrikaanse toestande en weet wat die uitdagings van die boer is. Ek en Cornel het albei trekker gery nog voordat ons behoorlik kon loop," sluit Johan laggend af.

Koop Suid-Afrikaans. Dit is bekostigbaar en ontwerp vir Afrika.

Besoek Agrico by NAMPO, standplaas, A11 en A12.

Vir meer inligting besoek Agrico se webwerf by www.agrico.co.za.